

Alle SANPO Provinsiale Besture –

Die volgende Raadsvergadering , Algemene Jaarvergadering en die Gala aand vind oor 8 weke plaas. Ek het 'n kort opsomming van datums opgestel.

1. Die 2021 Merietes is tans by die SANPO President wat dit oudit en finaal goedkeur. Die beste SANPO Duiwe is ook in die FCI "Global" kompetisie ingeskryf.
2. Voorlopige Meriete uitslae sal binne die volgend 5 dae bekend gemaak word. Lede het 2 weke tyd om teen die uitslae te appelleer. (PE 2019 Raadsbesluit)
3. Raadslede kan solank agenda punte instuur tov die Raadsvergadering.
4. Provinsiale besture moet Grondwet en Reël verandering voorstelle instuur. Ek moet alle sodanige voorstelle na die organisasies stuur teen 29 Januarie 2022. Die organisasies moet weer hul kommentaar en terugvoer instuur teen 19 Februarie 2022. Die inligting sal na die AJV geneem word vir goedkeuring of nie goedkeuring daarvan. SANPO Grondwet aangeheg.
5. Die volgende is reeds ingedien –
 - FBHU lid op die Raad. (Wes Kaap sal voorstel indien)
 - SANPO Finansiële Jaar - 1 November tot 31 Oktober.
 - Arbitrasie – Lid moet binne 14 aandui na Appêl dat hy die arbitrasie proses gaan volg.
 - Arbitrasie – R30 000 moet binne 14 dae die geld in die SANPO rekening betaal wrd.
 - Voorstel van FBHU ten opsigte van skuld. Reeds ingedien.
6. AJV Agenda en Kennisgewing word 19 Februarie 2022 uitgestuur.
7. Geloofsbriewe moet teen 26 Februarie 2022 ingedien word.
8. AJV vind plaas in Springs - 12 Maart 2022

Ek sal alle Raadslede deurlopend op hoogte hou van besluite tov die 10 – 12 Maart 2022 naweek.

Groete
Johan